higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

8 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Assesseer die skryfstukke volgens die nasienriglyne en assesseringskale wat verskaf word.

2. Bestudeer en bespreek die nasienriglyne en assesseringskale baie deeglik.

3. As 'n onderwerp verkeerd vertolk is, word die kandidaat baie laag op inhoud aangeslaan.

4. Indien 'n skryfstuk grootliks uit die vraestel saamgeflans is of dele van opdragte uit vraestelle net so oorgeskryf is, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan GEEN punte nie. Die kommentaar sal wees: *Nie eie werk nie*. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die getal korrekte feite.

5. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(…)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter boaan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	Sirkel

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

VRAAG 1

1.1 Aansoekbrief

- Die brief vergesel 'n aansoek om 'n betrekking.
- Die taal, styl, toon en register is formeel.
- Skryf nugter en saaklik – geen mooiskrywery nie.
- Spreek die teikenpersoon direk aan.
- Die briefinhoud moet pas by wat in die advertensie verlang word.

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD (10):
✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 150-180 woorde

FORMAAT (4):
× Word negatief nagesien
× Adres soos in toepaslike scenario verskaf
× Aangedui met (X)
× Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n maksimum van 4.
× Dui fout aan met X op antwoordstel.
× Geen Engels word aanvaar nie, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square.
× Die woord *straat* mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat.
× Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 343	Plot 44	Debrahof
Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Kode	Kode	Kode	Kode	Kode

× Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie
× Reël oopgelaat tussen paragrawe

TAAL EN STYL (6)
× Gepaste styl, toon en register
× Sien na volgens die assesseringskaal.

VOORBEELD:

(X) { Posbus 35
BETHAL
4110

08 November 2024 (tussen 4 – 22 Nov) **OF** 08 November 2024 (X)

Premier Advancement of Youth-program
Mnr. C. Fry
WCG-departement
WES-KAAP (X)
0001

Geagte mnr. Fry (X)

AANSOEK OM BETREKKING (X) *(toepaslike inhoudsopskrif)*

Inleidingsparagraaf: Ek doen aansoek vir die internskap as (spesifiseer)✓ soos geadverteer ✓ op (datum waarop dit gepubliseer is: 30 September 2024).✓

Paragraaf 2: Noem enige drie karaktereienskappe wat jou geskik maak vir die internskap. Verwys veral na die behoeftes van die werkgewer soos in die advertensie verwoord, bv. Afgestudeerde jongmense, werkloos, geen werksondervinding, tussen die ouderdom van 20 en 26. ✓✓✓

Paragraaf 3: Verwys na aangehegte dokumentasie, bv. CV, getuigskrifte, bewys van akademiese prestasies, sertifikate, ens.✓

Paragraaf 4: Noem beskikbaarheid vir 'n onderhoud✓ en gee kontaknommer✓ (die kontaknommer mag ook bo in die regterkantste hoek regoor die sender se adres verskyn).

Slotparagraaf: Welwillendheid,✓ bv. Dankie dat my aansoek u vriendelike oorweging geniet.

Die uwe (X)

Handtekening (X)
NAAM/VOORLETTERS EN VAN

NEERSKRYF VAN PUNTE

I = punt uit 10: I = 8
T/S = punt uit 6: T/S = 4 **OF**
F = punt uit 4: F = 2
14

I	T/S	F	Tot.
10	**6**	**4**	**20**
8	4	2	14

ASSESSERINGSKAAL:

TAAL, STYL EN REDIGERING **(6 PUNTE)**	**6**	Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne is goed gekonstrueer/ saamgestel. Woordeskat is toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is toepaslik. Teks is feitlik foutloos ná proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.
	5	Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne is goed gekonstrueer/ saamgestel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is meestal toepaslik. Teks is oorwegend foutloos ná proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.
	4	Teks is grammatikaal maklik om te lees. Sinne is goed gekonstrueer/saamgestel. Woordeskat is toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is oor die algemeen toepaslik. Teks oor die algemeen/meestal foutloos ná proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.
	3–4	Teks is grammatikaal verstaanbaar ten spyte van foute. Sinne is voldoende saamgestel. Woordeskat is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is voldoende. Teks het steeds foute ná proeflees en redigering. Lengte is amper korrek.
	3	Teks het grammatikaal verskeie foute. Sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Teks het steeds baie foute ná proeflees en redigering. Lengte is te kort/te lank.
	2	Teks is grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woordeskat benodig remediëring en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register is ontoepaslik. Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is te kort/te lank.
	1	Inhoud wemel van grammatikale foute. Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register kom nie ooreen met onderwerp nie. Boodskap besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is heeltemal te kort/te lank.

(20)

1.2 Curriculum vitae (CV)

- Dit bevat besonderhede oor die aansoeker se loopbaan, kwalifikasies en prestasies.
- Dit moet pas by die aansoeker se omstandighede en die doel waarvoor dit gebruik gaan word.
- Dit fokus op die teikenleser en gee dus inligting wat die werkgewer graag op 'n CV wil hê.
- Dit word in blokvorm en uiters netjies aangebied.

INHOUD (24)
Ses opskrifte, elk met toepaslike inhoud. Sien elke opskrif na met die meegaande inhoud uit 'n punt tussen 4 en 0:

4	Gedissiplineerde, gefokusde inhoud, alle besonderhede ondersteun die opskrif
3	Behou fokus, geringe afwykings/weglatings
2	Betekenis plek-plek vaag, heelwat weglatings/afwykings
0–1	Inhoud totaal onvanpas, inhoud en idees onsamehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp

FORMAAT (3)
- Word negatief nagesien
- Let op na netheid, duidelike opskrifte, blokformaat en lesersvriendelike uitleg.
- Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n maksimum van 3.
- Dui foute met ‘n **X** aan.

TAAL EN STYL (3)
Sien na volgens die assesseringskaal.

ASSESSERINGSKAAL:

TAAL, STYL EN REDIGERING (3 PUNTE)	**3**	Teks is grammatikaal akkuraat en goed gekonstrueer/ saamgestel. Woordeskat is baie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is baie toepaslik. Teks feitlik foutloos ná proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.
	2	Teks is grammatikaal verstaanbaar ten spyte van foute en voldoende gekonstrueer/saamgestel. Woordeskat is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register is voldoende. Teks het enkele foute ná proeflees en redigering. Lengte is korrek.
	1	Teks het grammatikaal verskeie foute. Dit is eenvoudig maar dit maak sin. Woordeskat gepas vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register toon gebreke. Teks het foute ná proeflees en redigering. Lengte is effens te kort/te lank.
	0-1	Inhoud wemel van grammatikale foute. Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register kom nie ooreen met onderwerp nie of is nie toepaslik vir die onderwerp nie. Besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is heeltemal te kort/te lank.

Kopiereg voorbehou

VOORBEELD:

CURRICULUM VITAE VAN (NAAM)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE:
Lys in blokvorm jou naam en van, adres, kontakbesonderhede, geboortedatum, ID-nommer, nasionaliteit, rybewys en taalbevoegdheid, bv.

NAAM:	Meme Mokoena
ADRES:	Benstraat 10, Groblershoop, 2123
TELEFOONNOMMER:	086 545 4911

OPLEIDING/KWALIFIKASIES:
Lys die kwalifikasies wat jy behaal het beginnende by die mees onlangse. Noem die organisasie waar jy die kwalifikasie ontvang het, die jare wat jy daaraan gewerk het, die presiese kwalifikasie wat jy bereik het en indien relevant, die vakke wat jy in die laaste jaar gehad het. Noem ook alle ander kursusse, sportaktiwiteite en/of leierskapsposisies wat jy beklee het.

2024

Kollege:	Sandrivier Kollege, Sandrivier, 0908 Slaag Vlak 4 met administratiewe vakke
Vakke:	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Lewensoriëntering Wiskundige Geletterdheid Kantooradministrasie Rekeningkunde Entrepeneurskap Programbestuur

ERVARING:
Noem watter werkervaring jy reeds het. Noem waar jy die ervaring opgedoen het, wat jou pligte was, wanneer jy daar gewerk het en wie in beheer was.

Junie – Julie 2024:	Vakansiewerk as administratiewe klerk by 'n prokureursfirma, Grootte en Grootte Bpk.
Pligte:	Kantooradministrasie, liassering, ontvangs, verspreiding van bemarkingsbiljette
Opsiener:	Me. Botes (ontvangsdame Grootte en Grootte Bpk.)

GETUIGSKRIFTE:
1. Me. Botes
   Bestuurder.
   Grootte en Grootte Bpk.
   GROBLERSHOOP
   2123
2. Me. L. Lottering
   Kampushoof
   Sam Mofokeng TVET Kollege
   GROBLERSHOOP
   2123

Kopiereg voorbehou

VERWYSINGS:
Gee minstens TWEE verwysings. Gee die persoon se naam en van, posisie, volledige adres en telefoonnommer(s).

Ds. Donald Moloi
Reformasiekerk
Kerkstraat 100
Groblershoop
2123
Tel: 061 223 2255
Sel: 087 626 2455

VERKLARING:
Ek verklaar dat die bogenoemde inligting na die beste van my wete korrek en volledig is.

M. Mokoena (Handtekening)
20 November 2024 (Voor 22 Nov) (Datum)
(30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 24: I = 18
T/S = punt uit 3: T/S = 2
F = punt uit 3: F = 2
22

OF

I	T/S	F	Tot.
24	**3**	**3**	**30**
18	2	2	22

AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

VRAAG 2

2.1 BRIEF AAN DIE PERS

- Die doel van die brief is om standpunt in te neem of om iets met die lesers te deel.
- Die brief moet ondubbelsinnig, saaklik en bondig wees.
- Die saak moet objektief gestel word. Argumente moet logies en beredeneerd wees. Emosionele reaksies kan egter soms met lesers gedeel word.
- Dit is bloot 'n geleentheid om 'n saak te stel. Die redakteur kan nie die probleem oplos nie.
- Die taal, styl en register is formeel, maar neig na informeel.

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD (18):
✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 150-180 woorde

FORMAAT (4):
× Word negatief nagesien
× Adres soos in toepaslike scenario verskaf
× Aangedui met (X)
× Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n maksimum van 4.
× Dui fout aan met X op antwoordstel.
× Geen Engels word aanvaar nie, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square.
× Die woord *straat* mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat.
× Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 1 Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 343 Pleknaam Kode	Plot 44 Pleknaam Kode	Debrahof Pleknaam Kode

× Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie
× Reël oopgelaat tussen paragrawe

TAAL EN STYL (8)
× Gepaste styl, toon en register
× Sien na volgens die assesseringskaal.

VOORBEELD:

(X) { Rose Straat 23
Senekal
3008

8 November 2024 **OF** 8 November 2024 (X)

Die Redakteur
Rapport (X) (enige koerant)
Posbus 885
Pretoria
1000

Geagte Redakteur (X)

STUDENTELEWE: MA VERKOOP HAAR MEUBELS OM SEUN SE DROOM TE BEWAARHEID (X)
XXXXXXXXXXX
Inleidingsparagraaf: Begin met 'n **treffende inleidingsin**✓ wat aandag trek. Daar word verwys na die daaglikse **probleme van sommige studente, verwys ook na die artikel.**✓

Paragraaf 2 en verder:
Die skrywer beskryf hoe **onbetrokkenheid**✓ van die publiek wanneer hulle hoor van studente soos **Keaton Harris.**✓ Hy sê hy/sy oor hierdie saak voel ná hy/sy bewus geword het van die **studente soos Keaton Harris** se omstandighede.✓ Die skrywer wil hierdie kwessie onder die **publiek** se aandag✓ bring. Daar word verwys na die onbetrokkenheid van die publiek✓ oor die **omstandighede** van die studente,✓ asook die **algemene siening** dat studente onverantwoordelik en sonder ambisie is.✓

Minstens **TWEE** voorbeelde van soortgelyke ervarings/probleme ✓✓ wat ouers en studente daagliks ondervind word beskryf bv.: voedseltekort, vervoerprobleme. **TWEE** moontlike oplossings✓✓ vir probleme wat ouers ondervind word gegee (Bv.: etes by Kollege, vervoersubsidies ens.) en verduidelik hoe die skrywer dink dat die **publiek** meer bewus✓ gemaak kan word van ouers en studente se omstandighede. Noem **TWEE** praktiese voorbeelde✓✓ hoe die gemeenskap/publiek ouers en studente kan help bv.: kospakkies by kerke organiseer, saamryklubs ens.

Slotparagraaf: Sluit af met 'n sterk slot wat die argument in die liggaam van die brief saamvat.✓✓

Help ons studente
Ivy Mokoena
OF
Handtekening
Ivy Mokoena
} (X)

ASSESSERINGSKAAL:

TAAL EN STYL (8 PUNTE)	**7–8 Uitstekend (80%+)**	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne is baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat is baie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. Styl, toon en register is baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5–6 Baie goed (70–79%)	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. Sinne is baie goed gekonstrueer/ saamgestel. Verskeie soorte sinne is goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks is grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. Sinne is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. Styl, toon en register is oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks is grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. Styl, toon en register is voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeie soorte sinne is nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks is grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in sinslengtes. Woordeskat is skraal en dikwels nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register is ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

(30)

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 18: I = 15
T/S = punt uit 8: T/S = 6 **OF**
F = punt uit 4: F = 2
23

I	T/S	F	Tot.
18	**8**	**4**	**30**
15	6	2	23

2.2 BEREDENEERDE VERSLAG

- Die verslag rapporteer oor die voordele en nadele van ‘n saak.
- Die inligting moet relevant wees.
- Paragrawe moet volgens die logies wees en redenasie moet duidelik gestel word.
- Dit is kort en bondig.
- Beskrywende woorde kan gebruik word om die verslag interessant te maak.
- Skryf beredeneerd en argumenterend in teenwoordige tyd

FORMAAT (3)
- Sien negatief na: -1 per fout/weglating.
- Met X op die voorbeeld gemerk
- Die inligting boaan die memorandumvorm moet volledig voltooi word.
- Onderaan teken of parafeer die skrywer net sy naam.

TAAL EN STYL (7)
- ✗ Gepaste styl, toon en register
- ✗ Sien na volgens die assesseringskaal op bladsy 14.

INHOUD (30)

- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 250–350 woorde nagesien volgens rubriekriglyne.
- SES opskrifte, elk ontwikkel tot 'n volledige paragraaf. Merk elke afdeling na aanleiding van die onderstaande assesseringstabel met ‘n punt tussen 5 en 0:

INHOUD (5 PUNTE)	**5**	Kreatiewe en gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwykings nie. Weldeurdag, van hoogstaande gehalte
	4	Behou fokus met geringe afwykings. Tekens van beplanning, maar dis nie goed deurgevoer nie
	3	Voldoende saamgestel, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Inhoud is die verwagte – niks besonders of uitstaande nie.
	2	Ondergemiddelde tot basiese inhoud, baie beperkte fokus op die onderwerp. Leerder wyk af en/of betekenis is plek-plek vaag
	1/0	Reaksie op die onderwerp toon byna geen fokus nie. Leerder wyk af van die opdrag en betekenis van die teks is nie toepaslik nie. Baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. Totaal onvanpas.

Kopiereg voorbehou

VOORBEELD:

MEMORANDUM

AAN: Die hoof/naam en amp van die hoof X

VAN: Student se eie naam en van/amp: Voorsitter akademiese komitee X

DATUM: Volledig uitgeskryf, enige datum X

ONDERWERP: IS DIT 'N GOEIE IDEE AS STUDENTE DEELTYDS WERK?
(Of iets soortgelyks in hoofletters.) X

Volledige agtergrond oor die wat, waar, wanneer, wie betrokke was, bv. 9 Julie 2024 – 30 Julie 2024 (datum) het die studente se omstandighede. Dit is by xxx kollege gedoen (waar dit gedoen is). Die akademiese komitee (wie verantwoordelik is) het die ondersoek gedoen. Doel van die verslag is om uitdagings van werkende studente uit te wys en strategieë te bespreek om uitdagings te bowe te kom en of dit haalbaar is. Enige relevante inligting.

Bespreek vele uitdagings / NADELE wat werkende sudente moet baasraak bv. min slaap, moegheid, reiskoste, hongerte ens. **Bespreek ook VOORDELE** van die hantering van die uitdagings bv.: Leer selfdissipline aan, leer om met 'n begroting te werk, doen ondervinding op ens. Enige relevante inligting.

Maak DRIE voorstelle hoe ouers werkende studente kan ondersteun om hierdie probleme op te los sodat studente steeds akademies kan presteer. Bv. ouers voorsien maaltye aan werkende studente, was wasgoed, gee sakgeld, stilte tydens studietyd ens. Enige relevante inligting.

Doen DRIE aanbevelings hoe voornemende werkgewers studente kan ondersteun bv. Gee verlof vir studietyd in eksamen, reistoelaag, korter skofte ens. Enige relevante inligting.

Noem DRIE maniere hoe die akademiese komitee saam met die lektore werkende studente kan help om deeltydse werk en studies suksesvol te hanteer bv: help met vervoer, kommunikeer met lektore om studente te ondersteun ens.
Enige relevante inligting

Slotparagraaf: Verslag word met 'n **gevolgtrekking** afgesluit: Bv.: Met die nodige ondersteuning kan studente deeltyds werk en hul studies met sukses voltooi. Enige relevante inligting. MOTIVEER keuse.

Handtekening/paraaf X

ASSESSERINGSKAAL:

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80%+)**	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne is baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat is baie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. Styl, toon en register is baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5–6 Baie goed (70–79%)	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/ saamgestel. Verskeie soorte sinne is goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register is toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks is grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. Sinne is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. Styl, toon en register oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks is grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. Styl, toon en register is voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeie soorte sinne is nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks is grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in sinslengtes. Woordeskat is skraal en dikwels nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register is ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE

I = punt uit 30: I = 24
T/S = punt uit 7: T/S = 6
F = punt uit 3: F = 2
32/40

OF

I	T/S	F	Tot.
30	**7**	**3**	**40**
24	6	2	32

(40)
[70]

VRAAG 3.1: RESENSIE

- Dit is 'n subjektiewe verslag oor ‘n TV-reeks en sluit 'n beoordeling daarvan in.
- Die reeks se kenmerke en beperkings word uitgelig.
- Feite word gegee, maar die resensent sluit ook 'n persoonlike oordeel oor die reeks in – die resensie is dus subjektief van aard.
- Die inhoud moet voldoende relevante feite bevat om die leser te oorreed om standpunt in te neem.
- Bespreek die fliek kortliks en gee algemene indrukke daaroor.

INHOUD (18):
✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 120–180 woorde

FORMAAT (4)
- Sien negatief na met -1 per fout/weglating.
- Die titel se lettertipe en -grootte verskil van die res van die berig.
- Die naam van die skoortrekenaar word uitgelig deur dit groter of tussen aanhalingstekens of in blokletters te skryf.
- Die naam van die resensent word óf bo óf onder aan die resensie aangedui.
- Inligting word in paragrawe geskryf, met 'n duidelik inleidings- en slotparagraaf.

TAAL EN STYL (8)

× Gepaste taal, styl en toon.
× Sien na volgens die assesseringskaal op bl.17.

VOORBEELD:

RIGLYNE VIR INHOUD (18 PUNTE)

(120 – 180 woorde)

- Daar moet 'n interessante opskrif wees wat die titel van die reeks insluit✓✓
- Noem waar/op watter kanaal die reeks verskyn. ✓
- Daar moet 'n kort inleiding wees waar 'n positiewe of negatiewe mening reeds uitgespreek word. ✓✓ Noem die teikengroep. ✓
- Daar moet na die tema, waar dit afspeel en storielyn verwys word. ✓✓✓
- Noem enkele feite oor die inhoud en karakters. Was dit uniek, swak, gemiddeld of vervelig en motiveer jou stelling? ✓✓✓
- Vergelyk met soortgelyke reekse: Sê hoekom hierdie reeks volgens jou beter of slegter is as ander vrygestelde flieks. ✓✓✓
- Moedig die studente aan om hierdie fliek te kyk of waarsku hulle om dit nie te kyk nie. ✓
- Daar moet 'n aanbeveling wees: wie behoort na die reeks te kyk en wie nie ✓✓

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit : 18 I = 10
T/S = punt uit 8: T/S = 6
F = punt uit 4: F = 2
18/30

OF

I	T/S	F	Tot.
18	**8**	**4**	**30**
10	6	2	18

ASSESSERINGSSKAAL:

TAAL EN STYL (8 PUNTE)	**7–8 Uitstekend (80%+)**	Teks is GRAMMATIKAAL akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. SINNE baie goed saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. WOORDESKAT is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. STYL, TOON EN REGISTER baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5–6 Baie goed (70–79%)	Teks is GRAMMATIKAAL akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. Sinne baie goed saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. WOORDESKAT is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. STYL, TOON EN REGISTER toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks is GRAMMATIKAAL maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. Sinne is goed saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. WOORDESKAT is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. STYL, TOON EN REGISTER meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks is GRAMMATIKAAL verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. SINNE is ten spyte van foute voldoende saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. WOORDESKAT is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. STYL, TOON EN REGISTER voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het GRAMMATIKAAL verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. SINNE is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. WOORDESKAT is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. STYL, TOON EN REGISTER toon gebreke. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks is GRAMMATIKAAL swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. SINNE is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in sinslengtes. WOORDESKAT is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. STYL, TOON EN REGISTER ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

(30)

Kopiereg voorbehou

3.2 ARTIKEL VIR NUUSBLAD

- Die tema of onderwerp is aktueel en word interessant aangebied.
- Die doel is om die leser in te lig of te vermaak.
- Feitelike inligting word in eenvoudige en verstaanbare taal en oorwegend in die bedrywende vorm geskryf. Inligting moet logies en duidelik uiteengesit word.
- Die styl is gemaklik, maar moenie te informeel wees nie.

FORMAAT (3)
- Sien negatief na -1 per fout/weglating.
- Die titel/opskrif is kort, treffend en pas by die onderwerp.
- Lettertipe van die opskrif laat dit uitstaan.
- Die omgekeerde piramide-metode word gebruik, m.a.w. die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee: Wie, wat, waar, wanneer, waarom?
- Die slot vat die artikel saam.

INHOUD (30)

Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
250–350 woorde nagesien volgens rubriekriglyne.

SES opskrifte, elk ontwikkel tot 'n volledige paragraaf. Merk elke afdeling na aanleiding van die onderstaande assesseringstabel met ‘n punt tussen 5 en 0:

INHOUD **(5 PUNTE)**	**5**	Kreatiewe en gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwykings nie. Weldeurdag, van hoogstaande gehalte
	4	Behou fokus met geringe afwykings. Tekens van beplanning, maar dis nie goed deurgevoer nie
	3	Voldoende saamgestel, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Inhoud is die verwagte – niks besonders of uitstaande nie.
	2	Ondergemiddelde tot basiese inhoud, baie beperkte fokus op die onderwerp. Leerder wyk af en/of betekenis is plek-plek vaag
	1/0	Reaksie op die onderwerp toon byna geen fokus nie. Leerder wyk af van die opdrag en betekenis van die teks is nie toepaslik nie. Baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. Totaal onvanpas.

TAAL EN STYL (7)
- ✖ Gepaste styl, toon en register
- ✖ Sien na volgens die assesseringskaal op bladsy 20

VOORBEELD: (SES AFDELINGS, 5 PUNTE ELK)

- **Effektiewe inleiding** wat leser sal aanmoedig om die hele artikel te lees.

- **Gee raad: hoekom moet studente nie moed verloor nie** bv.: Jou kwalifikasie gaan jou ondersteun, ondervinding, ens. Bespreek die belang van goeie keuses: hou aan om te soek, kies maatskappye wat indiensopleiding aanbied, verhuis indien nodig, moenie uitstel nie, ens. Waar om werk te soek bv.: internet, koerante ens. Waarde van verdere opleiding word genoem.

- **Selfkennis en goeie werksetiek** word bespreek (persoonlike waardes, stiptelikheid, respek vir kollegas, persoonlike netheid, eerlikhied, persoonlike eienskappe, vaardighede, lewenstylvoorkeure, ens.) Beklemtoon die waarde van goeie CV.

- **DRIE wenke vir 'n goeie onderhoud:** Bv.: wees betyds, netheid, maak oogkontak, suiwer taalgebruik, eerlikheid, wees professioneel ens.

- **Skadudiens**, vrywillige werk en vakleerlingskappe word aanbeveel (met of sonder vergoeding, blootstelling aan die werklikheid, ens.) Opinie oor wat die kollege moet doen om studente voor te berei op die lewe ná kollege (bystand, voorbereiding vir die wêreld daar buite, ens.)

- **Effektiewe / motiverende slot** wat die artikel saambind.

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 30: I = 24
T/S = punt uit 7: T/S = 6
F = punt uit 3: F = 2
32/40

OF

I	T/S	F	Tot.
30	**7**	**3**	**40**
24	6	2	32

ASSESSERINGSKAAL:

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80%+)**	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/ saamgestel. Verskeie soorte sinne is baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat is baie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. Styl, toon en register baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5–6 Baie goed (70–79%)	Teks is grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. Sinne is baie goed gekonstrueer /saamgestel. Verskeie soorte sinne is goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register is toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks is grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. Sinne is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. Styl, toon en register is oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks is grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. Styl, toon en register is voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeie soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks is grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in sinslengtes. Woordeskat is skraal en dikwels nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register is ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

(40)
[70]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou